# Die kuns van skaduwees



# Hallo liewe kunstenaars!

Baie dankie vir die foto’s wat ek van baie van julle af ontvang. Ek geniet dit om te sien dat julle die lesse doen en dit geniet.

Hierdie week gaan ons bietjie speel met skaduwees.

Jy gaan ‘n papier en potlood nodig hê en dan ook ‘n voorwerp van jou keuse.

Die idee is dat jy die voorwerp op die papier plaas in ‘n area waar die son skyn of ‘n lig brand. Daar mag geen skaduwees op daardie plek wees nie. Die voorwerp gaan ‘n skaduwee gooi op jou papier wat jy dan gaan afteken op die papier.
Jy kan hierdie buite ook doen.

Jy gaan jou papier en voorwerp moet draai totdat jy die skaduwee sien.

Die kreatiewe deel van die projek is watter voorwerp jy gebruik, asook wat jy daarna met die prent gaan maak om dit te versier!

# Kyk na hierdie kreatiewe idees:

| Speelgoed en blokkies op ‘n papier wat mooi voorberei is deur papierstroke te neem en dit horisontaal te plak. | Glaspotte met enkele blomme in. |
|---|---|
|  |  |

<table>
<tr>
<td>Neem ‘n stukkie foelie en vou dit en enige vorm wat jy wil hê.<br></td>
<td>Hierdie glase se mooi patrone maak ‘n baie interessante skaduwee.<br></td>
</tr>
</table>

| | |
|---|---|
| Jy kan interessante strukture bou met blokkies. | Jy kan selfs ‘n persoon se buitelyne afteken. |
|  |  |

Jy kan die prent neem en nou baie kreatief raak met die materiale wat jy tot jou beskikking het.

Jy kan inkleur, verf, papier uit tydskrifte skeur of enigiets wat jy dink jou prent nog mooier sal maak.

Ek sien uit daarna om weer foto's te sien van julle uitgerig het.

Geniet dit!